*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag is op mars na die vryheid van die Afrikanerdom.*

# Die O.B.

*Die man wat in die pad van ons vryheid staan sal vernietig word.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 28 JANUARIE 1942. No. 12.

# OPROEP TOT STEUN VAN NOODHULPFONDS Deur KOMMANDANT-GENERAAL

**Die volgende oproep van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, is op Maandag, 19 Januarie gedoen in verband met hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes aan die Rand. Op die eerste dag is reeds £250 vir dié doel geskenk, naamlik £100 deur die hoofkwartier van die K.G., £100 deur hoofgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl en £50 deur die Kaaplandse hoofkwartier:**

,,Aan die Rand en elders in Transvaal het massa-arrestasies plaasgevind. Die gearresteerdes is, soos onder die huidige Regering verwag kan word, juis rasbewuste republikeinsgesinde Afrikaners.

,,Wat die aanklagte teen hulle is, weet ons nie, maar die Wet sê dat iemand onskuldig is totdat hy skuldig bewys word. Dit was, altans, die Wet voordat die Noodregulasies ons land geteister het.

,,In elk geval, of hierdie Republikeine skuldig is of nie, hulle vrouens en kinders word aan die ellende prysgegee, terwyl hulle in die Empire se tronke moet verkwyn.

,,Ons in die O.B. huldig die leuse **Een vir almal, almal vir elkeen** en die O.B. doen 'n dringende beroep op al sy lede en ook op alle Afrikaners, man, vrou en kind om hierdie krisis uit te leef. Dit is waaragtig **Christelik** en waaragtig **Nasionaal.**

,,'n Fonds word opgebou vir die noodleniging van die vrouens en kinders van gevangenes en van geïnterneerdes, hetsy O.B. of nie, wat snags sonder 'n dak oor hulle koppe moet slaap en bedags sonder kos tussen hulle lippe moet beweeg. Dit word verwag dat iedereen maandeliks sal bydra op 'n definitiewe vaste basis as hulle maandelikse inkomstes het. Boere kan dit bes by wyse van bydraes in kos of ander ware doen. ,,Mense wat ook 'n kamer of ander huisvesting kan afstaan vir hulle mede-Afrikaners wat terwille van die Republiek die eerste lydendes moet wees, word versoek om hulle bereidwilligheid en die besonderhede aan te meld by hulle O.B.-kommandant. Die administrasie van hierdie landswye noodlenigingskema sal kosteloos deur die O.B. uitgevoer word. Toesig en beheer oor die fonds sal opgedra word aan 'n komitee bestaande uit Afrikaners van die hoogste aansien nie net binne maar ook buite die O.B. Tot benoeming van die komitee sal bydraes deur die Provinsiale Hoofkwartiere ontvang word.

,,Ons het elkeen die eed voor God gesweer dat ons ons mede-Afrikaner in die nood sal bystaan en hom aan die vyand nie sal uitlewer nie. Ons word elkeen nou op die proef gestel of ons daardie eed kan hou of nie. EEN VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN! — (Get.) J. F. J. van Rensburg."

* * *

## DONASIES

Die volgende donasies is tot Vrydag, 23 deser, aan Die O.B. bekend gemaak:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Hoofkwartier v/d K.G. (Pretoria) | 100 | 0 | 0 |
| Hoofgenl. dr. F. D. du T. van Zyl (Kaapstad) | 100 | 0 | 0 |
| Hoofgenl. Jurgens Schoeman (Oudtshoorn) | 50 | 0 | 0 |
| Hoofkwartier Kaapland | 50 | 0 | 0 |
| Dr. J. S. du Toit (Kaapstad) | 25 | 0 | 0 |
| Dr. J. D. M. Claassens (Kaapstad) | 15 | 15 | 0 |
| Dr. J. A. Wiid (Stellenbosch) | 10 | 0 | 0 |
| Genl. C. A. Visagie (Calvinia) | 8 | 16 | 8 |
| Dr. J. K. de Kock (Kaapstad) | 5 | 5 | 0 |
| Dr. M. T. M. Wolfaardt (Maitland) | 5 | 5 | 0 |
| Mediese Vriend (Kaapstad) | 5 | 5 | 0 |
| Generaalskap P. D. Rossouw | 5 | 0 | 0 |
| Dr. E. G. van Hoogstraten (Kaapstad) | 3 | 3 | 0 |
| Dr. J. K. Bremer (Kaapstad) | 3 | 3 | 0 |
| Dr. C. G. Cruywagen (Kaapstad) | 3 | 0 | 0 |
| Genl. M. F. Smith (Robertson) | 2 | 13 | 0 |
| Dr. J. S. du Plessis (Kaapstad) | 2 | 2 | 0 |
| Dr. G. P. Fourie (Bellville) | 2 | 2 | 0 |
| Mediese Vriend (Wynberg) | 2 | 2 | 0 |
| Dr. B. P. Lubbe (Woodstock) | 2 | 2 | 0 |
| Mediese Vriend (Kaapstad) | 1 | 1 | 0 |
| Mediese Vriend (Kaapstad) | 1 | 0 | 0 |
| Genl. P. D. Rossouw (Kaapstad) | 1 | 0 | 0 |
| Totaal | £403 | 14 | 8 |

## VERDUIDELIKING INSAKE REPUBLIKEINSE GRONDWET

In Die Burger van 23 Januarie verskyn die volledige konsep-grondwet van ons toekomstige Republiek, soos verlede jaar deur die Eenheidskomitee aanvaar en waarvan ons in ons uitgawe van 21 Januarie 'n opsomming geplaas het as die beleid van die Ossewabrandwag. Dit is dieselfde beginsels wat verlede jaar in omsendbrief No. 1/41 vervat was, maar op bevel van die Partyleier teruggetrek moes word. Hierdie grondwet is die beleid van die O.B. **Die Party aanvaar dit egter nie in sy geheel nie (kyk Die Burger se hoofartikel daaroor). Dr. Malan is nie ten gunste van die standpunt ten opsigte van die Engelse se regte nie. Hy wil aan hulle dieselfde regte gee as aan die Afrikaner. Die O.B. egter handhaaf die beginsel dat die Afrikaner 'n eersgeboortereg het en nie op gelyke voet met die Engelsman behandel kan word nie.**

## GRONDBEGINSELS VAN ONS STAATSBELEID

Wanneer ons verklaar dat ons Republiek gegrond moet wees op 'n staatsbeleid ooreenkomstig die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitskakeling van alles wat vals en volkskadelik is in die demokrasie, bedoel ons dat die regering van ons land **namens die volk moet regeer in belang van die volk.** Soos 'n vader die welvaart van sy huisgesin op sy hart dra omdat dit vlees van sy vlees en bloed van sy bloed is, so moet die regering die welvaart van die volk in die eerste plaas beoog. **Jou staatshoof sal een uit die volk wees, en geen vreemdeling wat deur 'n toevallige meerderheid van die bevolking gekies is nie.**

Ons maak onderskeid tussen die woorde **volk** en **bevolking.** Volk is vir ons 'n eenheidsbegrip, 'n groep mense wat deur **taal, bloed, karakter** en **strewe** 'n groot eenheid soos 'n familie uitmaak; bevolking daarenteen is al die onderdane van die staat soos Engelse, Grieke, Jode, kleurlinge en someer. **Laasgenoemde deel van die bevolking het geen regstreekse seggenskap in die bestuur van jou staat nie, maar**


(Vervolg op bls. 6, kol. 1.)



VIR ENIG IETS
SMAAKVOL EN DEFTIG in
**Dames-Rokke**
besoek
*Steyns*
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK

105 Takke 40,000 Lede
**AVBOB**
Reserwe-fonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**



*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

**SASBANK**
Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK
is 'n kind van die Volk en dien die Volk.
*Raadpleeg Sasbank.*

**PAARL:**
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

**EINDELIK**
**DIE BOEK waarna tienduisende lesers maande lank al voor uitsien.**

**Gister die Heldejare**
deur S. IGN. MOCKE.
***Hierdie boek is 'n VERVOLG op***
**IN DIE VUURLINIE**

Is dit nodig om meer as dit te sê? As u „IN DIE VUURLINIE" gelees het, sal u die verleiding kan weerstaan om ook hierdie verhaal te lees?
Dit bring dieselfde vlammende idealisme, dieselfde brandende vryheidsliefde en ook hier is ——
GENL. CHRISTIAAN RUDOLF DE WET
die oorheersende figuur.
Dit handel oor die jare van ontwrigting, vernedering en armoede ná die Driejarige Oorlog. Die stryd om staande te bly teen die vreemde indringing: Die hoop op die herwinning van die verlore vaderland: Totdat die rebellie van 1914 kom . . .
DAN IS U WEER MET ERNST IN DIE VELD, ONDER DIE WYE STERRENAGTE, AAN DIE SY VAN SY GELIEFDE GENERAAL.
U sal Ernst se rit aan die slot van hierdie werk nie vergeet nie: Die opstand is feitlik verby: Die rebelle keer terug na hul huise, maar De Wet het deurgebreek na die noorde: Die jong burger besluit om 'n poging aan te wend om deur die linies van die regeringstroepe te breek om by sy Generaal aan te sluit: U sal elke oomblik in hierdie magtige rit met ingehoue asem volg . . . totdat . . .
DIE REBELLIE GAAN VERBY MAAR
*DE WET is nog daar . . . , . . .*
— **Prys 3/9** —
Hierdie is 'n uitgaaf van die A.P.-Sakbiblioteek en word aan intekenare verskaf teen 3/-; aan nie-intekenare 3/9. Teken vandag in en u ontvang hierdie boek en alle verdere uitgawes.
**Bestel van:**
**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,**
**Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.**

## EERSTE POGING MISLUK VAN „KONSTITUSIONELE WEG"

Dr. Malan en ander partypolitici hou vol dat hulle die republiek langs die konstitusionele weg wil verkry. Hulle beskuldig die Ossewabrandwag dat hy dit ook met ander middele wil verkry, en verklaar daarom oorlog teen hom. Die volk kan liewers verdeel en 'n groot republikeinse organisasie vernietig word **solank hulle maar net honderd persent seker maak dat alleen die parlement — en dus die Party — die republiek bring. Adv. Strydom het mos ook gesê as die O.B. die republiek bring, wat bly dan vir die Party oor?**

Hoe „maklik en seker" hierdie weg is, is onlangs bewys toe dr. Malan die eerste poging aangewend het om die republiek te bewerkstellig. Hy het naamlik in die Parlement voorgestel dat die Raad hom nou ten gunste van die stigting van 'n republiek uitspreek. Nadat die republikeine vier dae lank oortuigingswerk in die Parlement gedoen het, **kon die voorstel van dr. Malan nie meer as 48 stemme uit 'n totaal van 160 kry nie. Met die vooruitsig dat daar vir die duur van die oorlog geen verkiesings meer sal wees nie, bestaan daar nie veel hoop dat die Parlement in afsienbare tyd ons die republiek sal skenk nie. En intussen stop die Regering honderde republikeine in kampe op aanbeveling van dr. Malan wat hulle by die Regering aangekla het dat hulle 'n republiek met geweld wil verkry.**

Dr. Malan het darem nog dank van die Regering ontvang, maar wat kry die volk? Geen republiek nie as dit so aanhou!

## *O.B.-ALMANAK*

Die O.B.-almanak vir 1942 is 'n voortreflike werk — nog nooit het iets van hierdie aard in Suid-Afrika die lig gesien nie. 'n Kleurvolle kunswerk deur die Afrikaanse kunsskilder W. H. Coetzer, wat ons historiese grondslag in verskillende aspekte, ons vryheidstrewe en die stryd van die O.B. vir 'n georganiseerde en gedissiplineerde Afrikanerdom simboliseer, versier die voorblad. Dit is voorwaar 'n smaakvolle stukkie werk.

Hierdie almanak is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy, en alle gebeurtenisse van belang word aangestip en met 'n passende afbeelding deur genoemde kunstenaar versier. Die teks of spreuk by elke maand sinspeel op een of ander van die vertakkinge van ons volksbelange. Onderaan elke blad is 'n wenk vir werksaamhede wat gedurende die maand ter bevordering daarvan onderneem kan word.

Die hoofdoel van hierdie almanak is natuurlik opvoedkundig. As middel om liefde en waardering vir ons eie kultuurgoedere by ons volk op te wek kan geen groter en verdiensteliker werk deur die Ossewabrandwag onderneem geword het nie. In alle opsigte kan die O.B.-almanak aanbeveel word en behoort dit tewens elke O.B.-lid of bevriende huis te versier. Eksemplare is verkrygbaar by die Transvaalse Hoofkantoor, Voortrekkergebou 403, Johannesburg, teen 2/- stuk.

## OFFISIERSKAMP GEHOU IN NATAL

'n Offisierskamp van al die Offisiere van Oos-Grikwaland is onlangs naby Cedarville (Natal) gehou. Die opkoms was uitstekend in weerwil van die feit dat Oos-Grikwaland deur droogte geteister is. Die gees was wonderlik en dit was 'n uiters geslaagde byeenkoms.

Komdt. A. de Kock was in bevel van die kamp. A.K.G. O. L. Nel het twee lesings gegee: „Wat 'n O.B.-offisier behoort te weet," en „Nasionaal-Sosialisme en die O.B." Hy het ook kortliks die H.N.P.—O.B.-moeilikhede verduidelik.

Genl. R. K. Rudman het lesings gegee oor Krygsrade en Organisasie.

'n Speurder het ook die kamp bygewoon.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## HOE INGETEKEN MOET WORD OP DIE O.B.

Die administrasie van ons weekblad *Die O.B.* vereis dat alle verantwoordelike offisiere van die O.B. noulettend die volgende punte in ag moet neem:

1. Intekengeld op *Die O.B.* word as algemene reël deur 'n kommando betaal in een groot bedrag vir alle persone wat deur daardie kommando inteken. Hierdie bedrag word bereken teen die vasgestelde tarief van £20 per 100 intekenare elk vir die tydperk van een jaar. Hierdie bedrag werk uit op gemiddeld 4/- per intekenaar per jaar. Waar 'n kommando nie die volle 100 intekenare kan vind nie, moet die getal intekenare wat gevind en waarvoor betaal kan word, opgestuur word en sal daardie kommando alleen betaal vir die getal intekenare wat hy instuur bereken teen die hierbo vasgestelde tarief. **Kommando's hoef egter nie noodwendig van elke lid 4/- in te vorder nie, maar kan die vasgestelde bedrag byeenbring op watter wyse hulle verkies,** by voorkeur word aanbeveel dat 'n spesiale funksie gereël word om sodanige geld te kan stort om sodoende ook die minderbevoorregte lede van die kommando te kan laat inteken op *Die O.B.* Waar moontlik kan die bedrag ook betaal word uit die algemene kommando-kas. Nie-lede van die O.B. wat ook by 'n kommando hulle name en adresse inhandig ter versending na *Die O.B.*-administrasie, betaal 5/- per jaar elk.

Alle persone wat weens buitengewone omstandighede nie in staat is om hulle name deur 'n kommando te laat opstuur nie maar direk by *Die O.B.* wil inteken, moet 'n spesiale intekengeld betaal, nl. 7/6 per jaar elk **aangesien sodanige los intekenare groot addisionele administrasie-werk meebring.** Dit word egter verkies dat alle persone wat enigsins daartoe in staat is, deur 'n kommando moet inteken, soos hierbo uiteengesit.

**In alle gevalle hierbo genoem, word *Die O.B.* direk aan die betrokke intekenaar gepos na die adres wat opgegee word.**

2. In alle gevalle waar in verband met intekening op *Die O.B.* aan *Die O.B.*-administrasie geskryf word, moet vermeld word of die intekenare in verband waarmee die korrespondensie gaan, direk by die administrasie inskryf of deur een of ander kommando.

3. **By die opgee van adresse vir intekenare moet met die grootste akkuraatheid te werk gegaan word.** Dit kom dikwels voor dat persone 'n adres opgee wat byna onmiddellik weer verander word terwyl di regte adres in die eeste instansie gegee kon gewees het. Adresveranderings bring mee groot koste vir die administrasie en moet sover moontlik vermy word. **Elke intekenaar moet dus goed oorweeg alvorens hy 'n adres opgee of dit die gewenste een is.**

4. Wanneer die name en adresse van nuwe intekenare na die O.B.-administrasie gestuur word, **moet sodanige nuwe intekenare nie in 'n gemengde lys saam met ou intekenare gestuur word nie,** maar noukeurig apart gehou word en duidelik gemerk word as **nuwe intekenare** waarvan *Die O.B.*-administrasie nog nie kennis gekry het nie.

5. Ten einde aan die vereistes gestel deur No. 4 te kan voldoen, moet elke kommando 'n noukeurige register hou van die lys van intekenare wat hulle reeds na die administrasie gestuur het met die aanvullende lyste wat hulle van tyd tot tyd bygevoeg het, sodat die kommando presies weet watter gegewens in besit is van die administrasie en watter gegewens nuut bykom.

6. Wanneer persone intekening op *Die O.B.* staak, moet dieselfde reël soos uiteengesit in verband met die nuwe intekenare nagekom word, d.w.s. die name en adresse van persone wat intekening op *Die O.B.* staak, moet spesifiek gemeld word. Daar moet nie slegs 'n nuwe lys van intekenare gestuur word om die oue te vervang nie, aangesien daardeur groot bykomstige werk veroorsaak word by die administrasie.

7. Wanneer enige inligting aan Hoofkwartier gestuur word in verband met 'n intekenaar, moet gemeld word wanneer en deur wie genoemde intekenaar se naam ingestuur is na die administrasie en onder watter kommando hy ressorteer.

8. Wanneer betaling geskied, moet duidelik gemeld word of die betaling bereken moet word teen 'n bestelling wat reeds geplaas is en of dit betaling is vir 'n nuwe bykomstige bestelling, wat dan tegelykertyd by die oue gevoeg moet word. Aangesien die O.B. met groot finansiële laste te kampe het, word alle betrokke persone ten sterkste versoek om so gou moontlik hulle verskuldigde intekengeld te betaal.

**G. A. FICHARDT, BPK.**
MASJINERIE, YSTERWARE
EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 — BLOEMFONTEIN — Opgerig 1848

**ONS** is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

**BESTE** is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan,* *Stellenbosch.*

DIE
**KLEREMAKER**
EN
**UITRUSTER**
VAN
KAAPSTAD
*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning*
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

**Schoemannello-Drank**
is
*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*
BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN
JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.
en
ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 6/9 | 5/- | 26/8 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

DIE O.B., WOENSDAG, 28 JAN. 1942.

# Maar Eers Dan!

„Die Regering wil daardie weg (die konstitusionele) vir ons probeer onmoontlik maak deur die invoering van talle van immigrante. Hulle het selfs nou al begin deur die verandering van die Kieswet. Al wat ek hierop kan sê, is dat dit sal beteken stryd — rassestryd. **As die Afrikanerdom op daardie wyse genoodsaak word om hom te verdedig, sal hy hom verdedig op NUWE MANIERE waarvan sy teenstanders nog nie ondervinding het nie. Onthou, die eerste wet van die natuur is die wet van selfbehoud.**"

Hierdie woorde is deur dr. D. F. Malan gebesig in die loop van sy republikeinse toespraak in die Parlement in verband met die metode ter bereiking van ons vryheid. Ons het gewag om te kyk of Die Burger nie dalk tevoorskyn sou kom met 'n hoofartikel onder die opskrif „Bloed?" nie, maar dit het uitgebly. Voorheen, wanneer die Ossewabrandwag melding gemaak het van gevaarlike terrein wat nog miskien betree sal moet word voordat ons ons vryheid bereik of ander metodes wat aangewend moet word, het dr. Malan daarop gestaan dat die Ossewabrandwag moet verduidelik wat hy daarmee bedoel. Toe daar aan hierdie naïwe versoek geen gevolg gegee is nie, het dr. Malan geraai wat die Ossewabrandwag bedoel, en sulke waardevolle „inligting" aan die Regering verstrek oor binnekringe, geheime diens en ander gevaarlikhede vir die Empire in die O.B. dat die Regering hom formeel by monde van min. A. M. Conroy in die Parlement bedank het. **Die gevolg van hierdie „verklikkery" is dat tientalle jong Afrikaners van durf en daad nou agter die Regering se doringdrade sit en wag op die Republiek wat dr. Malan beloof om langs konstitusionele weg te verkry**, en verder dat die Regering tot 'n nog groter waaksaamheid aangespoor is — wat beteken dat hy waarskynlik nog drastieser stappe teen die ontwapende Afrikanerdom sal doen.

Dr. Malan het volgehou — en doen dit nog — dat die Republiek alleen langs die konstitusionele weg verwesenlik moet word — alleen by die stembus. Hy het nie ag daarop geslaan wanneer aangevoer is dat die Afrikanerdom magteloos staan onder die diktatuur van veldmaarskalk Smuts nie. **Toe hy die O.B. by die Regering „verklap het", het hy nie in aggeneem dat daar geen verkiesings meer onder die bewind van die huidige diktatuur sal wees nie, en dat die Provinsiale Raadsverkiesing reeds op die lange baan geskuif is nie; hy het toe geen ag geslaan op die onheilspellende uitlatings van ministeriële kant in verband met 'n grootskaalse Britse immigrasieplan om die Afrikaners in hul eie vaderland te kom toeploeg nie; hy het ook nie toe gedink aan die beweging wat aan die gang is om die Britse gebiede in Midde-Afrika by die Unie in te lyf sodat die Afrikaner se stem tot niks meer as 'n floue gepiep gereduseer sal word nie.**

Maar toe hy deur middel van die Parlementêre propaganda-buis aan die volk moet verduidelik hoe hy die republiek gaan kry, **waarvoor hy in die Parlement nie meer as 48 stemme uit 'n totaal van 160 kon kry nie**, het die werklikheid blykbaar tot sy bewussyn deurgedring dat hierdie meerderheid aan Regeringskant heelmoontlik vergroot kan word wanneer 'n twee miljoen nuwe Britte vars uit Engeland en ander rooi Dominiums aan die hooggeprese stembusverkiesings sal deelneem, en moes hy die deur ook oophou vir „nuwe maniere".

Ons sal nie vra wat daardie nuwe maniere is nie; ons glo aan sy woorde van 27 Augustus l.l. op Stellenbosch dat publikasie van 'n mens se planne slegte taktiek is, hoewel hierdie stelling in die geval van die Ossewabrandwag glo nie geld nie. Al wat ons wil vra, is dit: **glo dr. Malan nou werklik dat hy beter in staat sal wees om die republiek deur middel van „ander metodes" te verkry wanneer hier reeds twee miljoen meer Engelse in die land is en die helfte van die Afrikaners, op advies van partyleiers aan die Regering, in doringdraadkampe sit, as wanneer daardie „ander maniere" vroegtydig aangewend word** — 'n motief wat hy vandag afkeurend aan die O.B. toeskryf?

Ons glo nie. Maar dit wil ons nou voorkom of dr. Malan in sy optrede teenoor die Ossewabrandwag net kragtens die „eerste wet van die natuur" — die wet van selfbehoud — gehandel het, maar ongelukkig het hy daaronder minder verstaan as wat 'n mens van 'n ware „volksleier" sou verwag het om te verstaan.

# Ossewabrandwag is aan Geen Party-Politieke Groep Gekoppel

## Duidelike Verklaring van Dagbestuur

**In verband met die jongste persberigte en bewerings as sou die Ossewabrandwag hom koppel aan 'n bepaalde politieke groep, of samesprekings met die doel gehad het, word die volgende verklaring ten behoewe van die Dagbestuur uitgereik:**

„Die Ossewabrandwag as volksorganisasie staan heeltemal afsydig van enige inwendige twis of geskil binne politieke party-kringe van die nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikanerdom. Op grond van sy ondervinding met sekere Partyleiers in die verlede, **wil die Ossewabrandwag hom nie weer inskakel met enige besondere party-formasie deur middel van ooreenkomste nie, maar sal by verkiesings sy lede aanraai om kandidate te steun wat republikeins is en wat nie teen die Ossewabrandwag as organisasie veg of sy lede aanspoor om te bedank nie.**

Die Ossewabrandwag van sy kant bly egter bereid soos altyd om enige parlementêre of politieke optrede ter verwesenliking van die vryheidsideaal te steun. Daarom verwag hy as republikeinse volksbeweging van die kant van republikeinse partye of groepe ondersteuning en goeie gesindheid so ook van alle republikeinsgesinde liggame en persone wat dieselfde doel en beginsels nastreef, buite en binne die Volksraad.

Die Ossewabrandwag bind nie sy lede tot lidmaatskap van een bepaalde republikeinse groep of partyformasie nie **en het as volksbeweging niks te doen met groepgeskille binne partykringe nie en wil nie veg teen dié wat die Ossewabrandwag as organisasie goedgesind is en nie saam met die imperialiste en onnasionale elemente teen die voortbestaan van die Ossewabrandwag te velde trek nie.**

## DIE TUSSENVERKIESING IN RIVERSDAL

**Volgens die beleid wat deur die Dagbestuur sowel as die Kaaplandse Beheerraad neergelê is, sal O.B.-lede in die tussenverkiesing op Riversdal slegs vir 'n republikeinse kandidaat van die H.N.P. stem wat die Ossewabrandwag nie vyandiggesind is nie. 'n Stem vir 'n vyand van die O.B. is 'n stem vir die Smuts-bewind wat die vyand van die O.B. is. Ons kan nie ons vyande met parlementêre gesag beklee om die O.B. des te beter te beveg nie.**

## KANDIDATE EN NIE PARTYE NIE

Vir partypolitici bestaan daar nie soiets as mense of 'n volk nie. Vir hulle bestaan daar net stemvee en partye. Dit is daarom dat hulle die verklaring van die Dagbestuur insake die afsydige houding van die Ossewabrandwag ten opsigte van politieke partye of groepe nie kan verstaan nie.

Die Burger se vertolking van genoemde verklaring, waarin o.a. verklaar word dat die O.B. sy lede sal aanraai om vir **kandidate** te stem wat republikeins is en nie teen die Ossewabrandwag as organisasie veg of sy lede aanspoor om te bedank nie, is dat die O.B. sy lede sal beveel om vir ander as H.N.P.-kandidate te stem. „Watter party dan wel die ondersteuning van die O.B.-kopstukke sal geniet, word nie nader aangedui nie," aldus die blad. Dit is ook die gevolgtrekking waartoe 'n naamlose (en dus ook betekenlose) korrespondent in dieselfde uitgawe geraak.

Maar vir iemand wat 'n breër kyk oor volksake het, is die verklaring van die Dagbestuur duidelik. Die O.B. het niks uit te maak met **partye of partygroepe** as sodanig nie, en staan buite en bo die partypolitiek. In verkiesings sal hy sy steun toesê aan **kandidate** — en dus **mense** en nie partye nie — wat republikeins is en nie die republikeinse volksbeweging beveg nie. **Dit maak vir hom geen saak aan watter party daardie kandidate behoort nie, en daar sal seker baie H.N.P.-kandidate onder hulle wees. Maar persone wat die O.B. beveg, of hulle aan die H.N.P. of enige ander party behoort, sal geen steun van die O.B. in enige verkiesing ontvang nie.** Onder hierdie mense sal ongelukkig 'n paar H.N.P.-manne wees, **tensy natuurlik die partylede sorg dat hulle ander kandidate in hierdie strydlustige L.V.'s se plekke nomineer.**

Die O.B. het geen skoor met of liefde vir enige bepaalde **party nie**, maar hy kyk na **per-**

(Vervolg op voet van volgende kolom.)

(Vervolg van voorgaande kolom.)

**sone** ongeag aan watter party hulle behoort — behalwe natuurlik die Imperialistiese Party van veldmaarskalk Smuts. Die Ossewabrandwag self stel ook geen kandidate in verkiesings nie — hy laat dit oor aan organisasies wat nog aan die Britse demokrasie glo.

## O.B.-VRIENDSKAPSENTRUM BAAT BAIE BESOEKERS

Die O.B.-vriendskapsentrum in die Groote Kerkgebou (914) onder die beheer van die Vroue-Adjunkraad het veral gedurende die vakansietyd getoon dat daar 'n groot behoefte aan soiets bestaan het. Daar was 'n toestroming van besoekers uit alle dele van die land, en o.a. het ook die Kommandant-generaal en sy eggenote en die A.K.G. van Transvaal die kamer verskeie keer vereer met 'n besoek.

Besoekers was altyd aangenaam verras deur die vriendelike dienste. Nadat hulle die lastige pakkies toevertrou het in die veilige hande van die offisier op diens, kon hulle met gemak voortgaan om die stad te besigtig of ander pligte na te kom. Die sentrum dien terselfdertyd as 'n soort inligtingsburo waar aan besoekers inligting deur die diensdoende offisier verstrek word.

Die kamertjie is smaakvol ingerig met heerlike stoele om 'n bietjie op uit te rus. 'n Rustige atmosfeer word geskep deur die mooi skilderye en portrette aan die muur, waarvan veral twee kunstig vergulde portrette van pres. Kruger en genl. Piet Joubert die aandag trek.

**Behalwe V.A.R.-lede wat vrywillig op diens gegaan het, het ook mev. J. A. Smith, eggenote van die A.K.G. in Kaapland, verskeie maal diens waargeneem. Hierin het sy 'n voorbeeld gestel van diensvaardigheid wat 'n weerspieëling is van die gees in die Ossewabrandwag.**

# Ons Vryheidstrewe Beoog Meer as Staatkundige Onafhanklikheid

## Paul Kruger Het Gevrees dat Uitlanders In Vrye Republiek sou Heers

**In ons vorige artikel oor die Britse Imperialisme en ons vryheidstrewe het ons aangetoon hoe metodes aan die werk gesit was om ons volk se siel vir Engeland te annekseer: die Afrikaner, en veral die jeug, moet geleer word om Engels te dink en sy lojaliteit vrywillig aan Engeland te skenk. Ons kan nou, met hierdie feite op die agtergrond, vasstel wat die aard van ons vryheid moet wees.**

In ons huidige lewe word ons vryheidstryd onder die vaandel van republikanisme gevoer. Vir sommige is 'n republiek nie alleen die hoogste simbool van vryheid nie, maar is dit ook die **einddoel** van hul strewe. Andere weer sien in hierdie ideaal slegs 'n **middel** tot 'n doel, en namate daar oor die betekenis van die begrip verskil word, na dié mate sal daar oneensgesindheid in ons optrede ter bereiking van daardie ideaal wees. Diegene wat meen dat 'n republiek tot stand gebring moet word alleen omdat dit die beseëling van ons vryheid sal beteken of die staatsvorm is wat hom die beste by die Boeretradisie aanpas, sal vanselfsprekend minder ywer openbaar as diegene wat daarin sien die vernaamste middel tot 'n doel.

In die eerste plaas moet ons duidelik onderskei tussen wat ons kan noem **staatkundige onafhanklikheid** en die **vryheidstrewe** wat hom totsover in ons volksverlede geopenbaar het. Eersgenoemde is 'n saak van **vorm**. Dit vra alleen na die betekenis van 'n republikeinse staatsvorm of regeringstelsel. Vir die tweede is die vorm van ondergeskikte belang. Hier gaan dit in die eerste plaas oor die **inhoud** daarvan.

Die republikeinse staatsvorm is in die verlede nog altyd deur ons volk as 'n noodwendigheid aanvaar. Daar is nie gevra of dit die beste regeringsvorm is nie, maar dis aanvaar as 'n toevlugsoord onder vreemde heerskappy uit. So het dit dan geword 'n onafskeibare deel van, nee meer nog, die vereenselwiging met ons vryheidstrewe. **Om te bewys hoe min dit oor die staatsvorm en naam gegaan het, kan slegs daarop gewys word dat die eerste staatshoof van die Voortrekkers nie president geheet het nie, maar „Commandant-generaal" en die staat self nie 'n republiek nie, maar 'n „Maatschappij". Dit het by hulle dus geen verskil gemaak wat die naam of vorm van hul staat was nie, solank alleen „de billijke beginselen van vrijheid", soos Retief dit noem, daarin beliggaam was.**

Dat die Voortrekkers die republikeinse staatsvorm gekies het, was nie omdat hulle dit op grond van redenering as die beste staatsvorm gekies het nie, maar omdat hierdie vorm as vanself uit die volksaard tevoorskyn gekom het. Dit was eenvoudig ondenkbaar vir die nugtere landelike burger om getrouheid te sweer aan 'n staatshoof wat sy lewe lank as koning oor hom sal heers. Nee, hy wat self die verwerwer van sy vryheid was, moes 'n aandeel hê in die keuse van daardie man aan wie die uitoefening van sy duurgekogte vryheid toevertrou word.

### BOEREHEERSKAPPY

In die latere stryd in die Transvaalse of Suid-Afrikaanse Republiek het die stryd nie gegaan om die handhawing van 'n **soewereine status** soseer nie, as om **selfbehoud van die Boerenasie** met sy eie tradisies, beginsels en lewensbeskouing en die toepassing daarvan in die staatspraktyk. **Dit is hierdie ideaal van Kruger waaraan hy vasgehou het tot die bittere einde, en waaroor die stryd tussen hom en Engeland gegaan het.** Dit was met die oog op die beskerming van die „nationale wasdom", soos hy dit genoem het, dat hy konsekwent geweier het om die Uitlanders in die Republiek volle burgerregte te verleen. **Deur hulle as burgers op te neem, sou hy nie die staatkundige vryheid van die Republiek prysgegee het nie,** want 'n groot deel van die Reformers in Johannesburg was self in so 'n mate teen Britse oorheersing gekant dat hulle op die laaste oomblik geweier het om Jameson te ondersteun omdat hy hulle onder die Britse vlag wou bring. **'n Groot aantal vreemde burgers sou egter beteken het verlies van die Boereheerskappy in die selfstandige Republiek,** waaroor die Vierkleur nog sou gewaai het — 'n groot deel van die Johannesburgse Uitlanders was naamlik ook bereid om trou te sweer aan die Vierkleur — en gevolglik verdwyning van die Boere se tradisie, beginsels en lewensbeskouing uit die staatspraktyk.

Dit was teen so 'n verlies van nasionale seggenskap dat Kruger onbeweeglik soos 'n rots gestaan het en liewer 'n hopelose vryheidstryd in 1899 aangeknoop het, waaruit gebore sou word, soos hy met profetiese blik aanskou het, 'n nuwe vryheid herower, „deur die tweede geslag wat nie meer moeg gestry sal wees nie," soos hy aan die aand van sy lewe voorspel het. **Liewer as strydende volk die staatkundige vryheid verloor en daardeur uiteindelik die volksgees red, dan in naam van vrede onder te gaan as nasie, omdat hy sy seggenskap as nasie sou verloor het** — dit was die beleid van Paul Kruger.

### BRITSE INVLOED

En dat hy die toestand suiwer begryp het, is tien jaar later bewys toe aan die verowerde Republieke selfregering toegeken is. Die toenmalige leier van die Liberale Party in Engeland het naamlik die volgende argument aangevoer: „In Transvaal is die burgers van Britse oorsprong net soveel as dié van Hollandse oorsprong, en die ewewig tussen die partye kan as waarborg dien teen 'n terugwaartse stap." Toe in 1908 die Hollandssprekendes in drie uit die vier kolonies 'n meerderheid in die parlement verkry het, het die Engelsman homself met die volgende getroos: „Die posisie is nou totaal verskillend van dié wat voor 1899 bestaan het. Toe was die helfte van die blanke bevolking in Transvaal soos helote; **nou egter is die gewese Uitlanders in besit van 26 setels in die Transvaalse parlement, en dus in staat om 'n doeltreffende invloed oor die wetgewing uit te oefen."**

Om dus 'n doeltreffende invloed oor die wetgewing uit te oefen, was vir die Engelsman voldoende rede om in te stem tot oordrag van die staatsbestuur in hande van die Afrikaner. Na mate hierdie invloed versterk is — hetsy deur middel van immigrasie of anneksasie van die Boeregees — kon die leisels meer en meer skiet gegee word in die rigting van „soewereine onafhanklikheid".

Die gevaar van immigrasie is geen denkbeeldige nie. Selfs Afrikaanssprekende Sappe praat al vandag van die invoer van Engelse na die oorlog om die Afrikaner in sy eie vaderland te kom toeploeg. Onder die vaandel van gelyke regte moet elke Brit en Britse Jood wat die land op koste van „liefdadigheidsorganisasies" binnegeloods word, met 'n broederlike kus om die hals geval word, en mag daar geen beswaar teen gemaak word nie.

Uit die voorgaande is dit baie duidelik dat ons stryd nie gaan, en nog nooit gegaan het, om die verkryging van 'n bepaalde **staatsvorm** nie, maar om die **handhawing van die Afrikaanse tradisie, beginsels en lewensbeskouing, nie alleen op kulturele gebied nie — die popspeelplekkie wat die Afrikaner nog gegun word — maar ook op staatkundige gebied,** iets wat alleen gedoen kan word as die Afrikanernasie die reg het om sonder beperkings van binne of van buite homself te wees. Dit beteken dus dat ons nie strewe na 'n blote staatkundige onafhanklikheid waarmee die ou National Unionists van die Suid-Afrikaanse Republiek voor die Tweede Vryheidsoorlog ten volle akkoord sou gegaan het nie, maar na die volste staatkundige sowel as nasionale vryheid van die Afrikanernasie, wat ook die ideaal van Paul Kruger was.

In ons volgende artikel sal ons die bogenoemde standpunt op beginselgrond verdedig.

DAGBREEK KARTELS
word gedra deur
DEFTIGE DAMES
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

Langstraat 301
KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars
Afrikana Voorsieners
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
Foon 3-1393
KAAPSTAD

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.
Beste Heersende Pryse.
MINNAAR & VAN SCHOOR.
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

Die Voortrekker-Skoenhospitaal
Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.
Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad
AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!
FOON 3-0164
Langstraat 291, Kaapstad

## *AAN DIE PENKOPPE*

### *Beskerm Jou Mede-Afrikaner*

As 'n ouer seun jou broertjie sou byloop en hom teen die grond stamp, wat sou jy doen? As 'n man jou suster se eer sou aanraak en haar sou beledig, wat gaan jy doen? As 'n Jood jou vader uitskel of as 'n Engelse vrou jou moeder noem: „Dirty Dutch", hoe voel jy en wat wil jy graag doen? Ek weet: Jy is bereid om jou bloed te laat loop in 'n geveg om jou broertjie, jou suster, jou vader en jou moeder te beskerm. Jy word blind van woede en jy slaan terug, sonder om terug te deins vir die gevolge daarvan. Dan is jy 'n Penkop. Dan is jy 'n Afrikaner. Staan jy en kyk en doen niks, is jy 'n papbroek en 'n vrotterd. Jy is die naam van 'n „man" nie werd nie, nog minder die naam „Afrikaner".

So is dit met die volk. Elke Afrikaanse seun en dogter is my Afrikanerbroer en my Afrikanersuster. Ons het dieselfde vaderland, ons behoort aan dieselfde volk, ons woon dus maar in dieselfde huis, nie waar nie? So lief moet ons ons mede-Afrikaner hê. En sal ek daarom dan nie my mede-Afrikaner beskerm soos ek my eie suster en broer, my eie dierbare vader en moeder sou beskerm as onreg aan hulle gedoen word nie?

Dit is waar, soms maak jou broer of suster jou kwaad, maar jy sê nie dan: „Nou wil ek julle nooit weer help nie." O nee, as hulle in gevaar kom, vergeet jy hul swakhede en jy staan hulle by. Daar is baie mede-Afrikaners wat soms verswak, wat onnodig in moeilikheid kom, wat nie genoeg leer op skool of hul werk getrou doen nie. Laat ons hulle berispe, maar laat ons hulle beskerm. Ook vir húlle mag die Jood, die Engelsman, of watter vreemdeling ook al, nie vertrap nie. Hulle is deel van ons; diegene wat op húlle trap, omdat hulle swak of arm is, trap op ons — op jou en my wat Penkoppe is. En ons gaan dit nie toelaat nie. Net waar ons kan, gaan ons daardie mense help om werk te kry en vooruit te kom. Vreemdeling, hou jou mond en pote van my mede-Afrikaner af as jy jou lewe liefhet.

Penkoppe, die boodskap van die Vaderland aan ons is:

„Julle is die hoeders van jul broers en susters. Julle wat sterk is, beskerm die swakkes teen die vreemdeling en die vyand, laat dit kos wat wil. Vergeet die Afrikaner in die agterbuurte of in sy armoede en jy of jou kinders sal later ook daar beland deur die mag van die vreemdeling."

### *Grondbeginsels van ons Staatsbeleid*

(Vervolg van bls. 1.)

**hul belange, in sover dit nie strydig is met die volksbelange nie, sal beskerming geniet soos 'n gas beskerming geniet in die huis van sy gasheer, maar voor alles gaan die belange van die volk.** Praktyke wat strydig is met die sedelikheidsopvatting van jou Christelike volk, sal nie geduld word nie. Die sogenaamde vryheid van die enkeling sal slegs erken word in sover daardie vryheid bevorderlik is vir die godsdienstige, sedelike, kulturele en stoflike belange van die volk.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS
STABILIS
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY
Ons is Agente vir
**DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.**
Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse
**Foon 30764—Kamer 704/5—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.**

AANDAG !!!
Die
CLANWILLIAMSE KOMMANDO
hou 'n groot Funksie
op die
**7de Februarie 1942,**
om 3 n.m. in die
**PARK— CLANWILLIAM**
Spreker:
**Ass.-Komdt.-Genl. J. A. SMITH.**
In die namiddag sal daar 'n groot verskeidenheid verversings in ons skaduryke park aangebied word, terwyl u u ook kan verlustig in die speel van volkspeletjies.
**Vrolike Boeremusiek word voorgedra.**
**A.K.G. J. A. SMITH**
sal u om 8 n.m. in die STADSAAL toespreek.
**Kom seker! Bind hegter die Afrikanervriendskapsbande en maak die feesdag suksesvol.**
Alle plaaslike O.B.-lede sowel as van omliggende Kommando's is van harte welkom.

**W. VOIGT BPK.,**
**HUGENOOT.**
*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*
**Foon: Paarl 23.**
**Posbus 10, Hugenoot.**

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
**V.M.K. AANBEVEEL.**

**DIE GOEIE HOOP**
**(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.**
**Voortrekkerweg, Bellville.** Foon 97814. — V I R — **Hoofweg, Durbanville.** Foon 60.
JOHN BROCKMAN EN KIE SE
**Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155" Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.**

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*

**SKOUBURG**
Hofmeyrsaal - - - - - Groote Kerkgebou.
SATERDAG 31 JAN. om 3 en 8.15 n.m.
Ons Vertoon
*„Under The Big Top"*
met
'N AFRIKAANSE VOORPROGRAM.
Kom neem deel aan ons Kompetisie waarvoor ons £1-1-0 uitloof.
PLEKBESPREKING — UNIEWINKELS.

**Algemene Handelaars**
FOON 5-4294
**J. J. DE GOEDE,**
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG.**
Pluk u eie vrugte van HERHOLDT se beroemde **Vrugtebome;** alle soorte vroeg tot laat. **Rose**—'n sieraad vir tuin en huis. Honderde bestellings reeds bespreek vir Winteraflewering—van uitstel kom teleurstelling. Skryf vandag!
**Geïllustreerde Katalogus Gratis.**

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
- **Vir u volgende Pak** ● **Billike Pryse**
- **Werk Gewaarborg** ● **Beste Materiaal**

**N. C. KOCH**
**Soutrivierweg 52 — Soutrivier**

Gaan u na die Universiteit of die Kosskool, al u wasgoed moet gemerk word.
Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf TAFELBERG INDUSTRIEË, **Kohlingstraat 16, Kaapstad.**

### *Geklassifiseerde Advertensies*

**GEMAALDE KRAALMIS**

VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

**TAFELAARTAPPELS**

GOEIE Tafelaartappels 19/- per sak, van 153 pond. Saadaartappels, eier- en okkerneutgrootte, Arran Chief en Ever Good 25/- per 153 pond. Up-to-date 30/-. Kontant met bestelling.
P. H. DU PLESSIS,
P.K. Hazenjacht.

**DRUIWE TE KOOP**

**Pragtige uitvoer-soorte — Alfonse Lavalle en Waltham Cross.**
**Kissies:** 10 pd. netto, 3/- per kissie — 10 of meer 2/3.
**Kissies:** 18 pd. netto, 4/6 per kissie — 15 of meer 3/6 per kissie.
Bestellings K.B.A. of K.M.B.
Skrywe aan: **P. C. van BLOMMESTEIN, La Concordia, ZUIDER-PAARL.**

**DOODBERIG**

LORENZEN.—Sag en kalm in haar Heer ontslape, op Saterdag, die 17de Januarie 1942, my innig geliefde eggenote en ons kinders hul dierbare, sorgsame Moedertjie, Brandwag ELLEN ELIZABETH LORENZEN, (geb.) KOERTZEN, in die jeugdige ouderdom van slegs 48 jaar.

Ons hartlike dank aan:—
Die Generaal en die Hoofkommandantskap,
Die Vroue-Kommando, en
Die Manne-Kommando (almal van Stellenbosch),
vir kranse gestuur en vir hul teenwoordigheid op haar laaste reis. Veral wens ons die Offisiere en Brandwagte van die Vroue-Kommando innig en opreg te bedank vir die Erewag wat hul opgestel het. Die dames in wit, wat op die saluut gestaan het terwyl die stoflike oorskot grafwaarts gedra is, het diep tot ons gespreek. Nooit sal ons dit vergeet nie.

Haar Volk se smart was haar smart,
Haar Volk se leed was haar leed.
Sy was 'n Vrou en 'n Moeder.

Die bedroefde eggenoot,
L. LORENZEN en kinders.